# INHOUD PER KWARTAAL

# • AFRIKAANS •

## GRAAD 7

### KWARTAAL 1

• Homofone & Homonieme • Poliseme • Idiome •
• Lettergrepe & Klankgrepe • Ontkenning • Enkelvoud en • Meervoud •
• Enkelvoudige sinne • Stelsinne • Verlede tyd • Selfstandige Naamwoorde • Leestekens •

### KWARTAAL 2

• Ontkenning • Samestellings • Voorsetsels • Tussenwerpsels • Sinsoorte •
• Bywoorde • Selfstandige Naamwoorde • Idiome • Byvoeglike Naamwoorde •
• Vokaalgroepe • Lettergrepe • Telwoorde • Versamelname • Letterlik & Figuurlik •
• Werkwoorde • Intensiewe Vorme • Trappe van Vergelyking • Voornaamwoorde •
• Lydende & Bedrywende Vorm • Direkte & Indirekte Rede • Sinsontleding • Afkortings •
• Leestekens • Tye • Verkleining • Meervoude • Homonieme & Homofone • Voegwoorde •

### KWARTAAL 3

• Versamelname • Sinonieme & Antonieme • Homonieme & Homofone •
• Afkortings & Akronieme & Settername • Bywoorde • Byvoeglike Naamwoorde •
• Leestekens • Eiename • Meervoud & Verkleining • Trappe van Vergelyking •
• Direkte & Indirekte Rede • Voor- & Agtervoegsels • Voornaamwoorde • Beeldspraak •

### KWARTAAL 4

• Intensiewe Vorme • Trappe van Vergelyking • Voornaamwoorde •
• Telwoorde • Werkwoorde • Sinsoorte • Voegwoorde • Lidwoorde • Voorsetsels •
• Deelwoorde • Samestellings • Sinonieme & Antonieme • Homonieme & Homofone •
• Skryftekens • Direkte & Indirekte Rede • Lydende & Bedrywende Vorm • Ontkenning •
• Leestekens • Massaname & Maatname • Meervoude • Manlik & Vroulik • Verkleining •

*Geen inligting, toetse, memorandums, opsommings, dokumente, aanhangsels mag gereproduseer, gekopieer, versprei en/of herverkoop word op enige manier sonder die geskrewe toestemming van My A Plus (Edms) Bpk nie.*

# VOORBEELD:
# UITTREKSEL UIT 'n VRAESTEL



# • AFRIKAANS •

## GRAAD 7

## KWARTAAL 1

• Homofone & Homonieme • Poliseme • Idiome •
• Lettergrepe & Klankgrepe • Ontkenning • Enkelvoud en • Meervoud •
• Enkelvoudige sinne • Stelsinne • Verlede tyd • Selfstandige Naamwoorde • Leestekens •

© My A Plus ©


## Afdeling A | Leesbegrip

Lees die boekuittreksel hieronder en beantwoord die vrae in jou eie woorde:

https://www.litnet.co.za/uittreksel-uitvinders-planmakers-en-ander-slimkoppe-van-suid-afrika-deur-engela-duvenage/

# Uitvinders, Planmakers en ander Slimkoppe van Suid-Afrika

*Engela Duvenage*




*'n Sessitplek-vliegtuigie genaamd The Spirit of Rotary styg op die stormagtige aand van 3 Oktober 1984 vanaf Kaapstad-lughawe op om 'n lewensbelangrike vrag in Port Elizabeth op te pik. Dit sou minder as 'n blok botter weeg. Dit was 'n menslike hart.*

*'n Oos-Kaapse skoolseun is ná 'n motorongeluk breindood verklaar. Sy familie het ingestem dat sy organe in bitter siek mense oorgeplant kon word. Dokter David Cooper, dokter Dimitri Novitzky en Winston Wicomb is die passasiers. Hulle is deel van die navorsingspan van professor Christiaan Barnard, die Suid-Afrikaanse dokter wat die eerste hartoorplantingsoperasie gedoen het.*

*Langs Winston se sitplek staan 'n vierkantige houer van vlekvrye staal om die hart in te vervoer. Die praktiese, handvaardige jongman het twee jaar lank daaraan gewerk. Die harttassie word dié aand die eerste keer ordentlik getoets.*

*Winston wonder benoud of dit goed genoeg gaan werk. Die bestaande metode om geoeste harte op ys te bewaar, werk net vir 'n uur of twee goed. Daarna begin die hartselle doodgaan en is die orgaan nie meer veilig vir oorplanting nie.*

*Sou dokters in die vervolg skenkerharte vir langer as 'n halwe dag in Winston se harttassie veilig en gesond kan bewaar terwyl hulle dit van ver plekke in die land na Kaapstad neem vir oorplantingsoperasies?*

*Winston tob daaroor dat iets kan skeefloop.*

*Die vliegtuigie skud in die stormwind.*

*Die vlieëniers moet bontstaan.*

*"Ouens, moenie skrik nie, maar ons het radioverbinding met die lughawe verloor!" roep die vlieënier, Norman Patterson, oor sy skouer. "Die radio se antennadraad het losgeruk!"*

*Nog slegte nuus volg. Die einste antennadraad haak aan die vliegtuig se stert vas, wat dit selfs moeiliker maak om die tuig te beheer. Die verligting is groot toe Port Elizabeth in sig kom. Drie uur later bêre Dimitri en David die skenkerhart in die harttassie nadat dit in 'n operasie in die Port Elizabethhospitaal verwyder is.*

*Op die lughawe lig vlieënier Norman sy haastige passasiers in: "Ons moet die gewig in die vliegtuigie beter versprei. Winston, jy's die kleinste. Jy en die harttas moet in die tuig se neus terugvlieg."*

*Winston wil-wil hom vervies, want dit sal beteken dat hy ure in ’n beknopte spasie op sy maag moet lê! Die enigste silwer randjie is dat hy die harttassie by hom het.*

*Groot is sy skok toe hy op ’n stadium deur ’n glaspaneel so groot soos ’n CD-boksie loer en skuim in die houer sien vorm. Niks van die lewensbelangrike bewaringsvloeistof wat die hartselle moet voed, pomp meer daardeur nie! Hoekom? Hoekom?*

*Die antwoord tref Winston soos ’n Springbokflank se duikslag: dis die lugdruk se skuld!*

*Hy’t die tassie altyd op grondvlak getoets, want hy’t aangeneem dit sou in groot, lugdrukbeheerde passasiersvliegtuie vervoer word. Hy’t nie gekliek dat ligte vliegtuigies sonder lugdrukbeheer dalk gebruik sou word nie. Daar’s g’n tyd vir selfbejammering nie! ’n Hart en ’n dodelik siek pasiënt se lewe is op die spel!*

*Met sweterige hande probeer Winston aan knoppies draai. Hy moet eenvoudig die bewaringsvloeistof weer aan die vloei kry! Hy begin druk-druk aan die deurskynende plastiekpypie waardeur die gasmengsel moet gaan. Dit werk!*

1. Wie is die skrywer van die boek?

   ______________________________________________

2. Waaroor gaan hierdie boek?

   ______________________________________________

3. Hoeveel sitplekke is daar op die vliegtuig? ____________________

4. Hoeveel dokters is op die vliegtuig? ____________________

   ______________________________________________

5. Wat is die vliegtuig se naam?

   ______________________________________________

6. Wat is die roetes van die twee vlugte wat hierdie vliegtuig onderneem?

   ______________________________________________

7. Wie het die eerste hartoorplanting in die wêreld gedoen?

   ______________________________________________

8. Wat weeg minder as ‘n blok botter volgens die uittreksel?

   ____________________

9.1 Soek ‘n sinoniem vir <u>angstig</u> in paragraaf 4: ____________________

9.2 Soek ‘n antoniem vir <u>gevaarlik</u> in paragraaf 4: ____________________

© My A Plus

10. Watter vorm is die harttassie? ______________________________

11. Hoe lank het Winston aan die harttassie gewerk? ______________________________

12. Waarom moet Winston in die tuig se neus terugvlieg?

______________________________________________________________

13. Omkring die letter wat voor die korrekte antwoord staan.

13.1 Wie is Norman Patterson?

A 'n Dokter
B 'n Vlieënier
C 'n Hartskenker
D 'n Passasier

13.2 Watter posisie moet Winston voor in die tuig aanneem?

A Hy lê op sy maag.
B Hy lê op sy rug.
C Hy lê op sy sy.
D Hy sit regop.

13.3 Identifiseer die beeldspraak: Die antwoord tref hom soos 'n Springbokflank se duikslag

A alliterasie
B klanknabootsing
C vergelyking
D metafoor

13.4 Wat is Winston se van?

A Cooper
B Barnard
C Wicomb
D Novitzky

14. Waarom pomp die bewaringsvloeistof, wat die hartselle moet voed, nie meer nie?

______________________________________________________________

15. Hoe kry Winston die bewaringsvloeistof weer aan die beweeg?

______________________________________________________________

# Afdeling B | Taalleer

**VRAAG 1: LEESTEKENS**

Beantwoord die volgende vrae:

1.1 Die kommapunt word gebruik in plek van 'n: ______________________

1.2 Wat is die rede vir die gebruik van die kappie in die woord bêre? ______________________

© My A Plus ©